NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Junie 2009 **June 2009**

www.ptawoodworkers.com

Redaksioneel

Die jaar is halfpad verby en dit voel soos gister toe dit begin het! Gelukkig het ons darem genoeg tyd gehad om die dinge wat vir ons belangrik is te kon doen. Dit is egter ook waar dat ‘n mens tog ook wonder oor die goed wat nog nie klaar is nie! Is hulle nie belangrik genoeg nie, of was daar dalk ‘n probleem by die bepaling van prioriteite?

I see that the comittee has now reached the cut off point concerning the membership list. It is so strange that such a simple action, to renew your membership, can be so difficult to finalise yearly. This has been the situation in the past and I suppose it will again come up next year. I begin to think that we should double the fees, then, maybe, the money will be important enough to force our members to remember to pay up earlier! Thank you all for getting done with it though. We are now able to send out the new namelist for 2009. (With snail mail it wil be included in the same envelope as this Tambotie. E-mail recipients will get it by seperate e-mail.)

Julle almal moet maar onthou van die Projek Plank van hierdie jaar. Maak ‘n gebruiksartikel vir die kombuis. Dit is nou wel eers later , maar begin nou reeds ten einde te verseker dat ons weer eens, soos die vorige keer, ‘n spogerige byeenkoms met baie items kan hê. Terwyl jy dan spoed het, werk sommer ook aan jou tafel-, of ander, projekte vir die uitstalling. Kom ons poog om die bestuur te help om hierdie jaar ‘n groter sukses van ons uitstalling te maak.

Thinking about the exhibition: I noticed that At Smit had a very successful art exhibition with his turned pieces, including a good write up in ***“Die Beeld”.*** I hope that all of us will make a definate effort to inform all our family and friends about this event. The committee will try and get it into the media, and hopefully we will thus have a very good turnout, with lots of exellent pieces on show.

Progamme for June 2009

- The cabinetmakers are planning to visit a furniture factory. Details to follow.
- Saturday, 20 June, at 0900: The turners wil have their meet at Dries du Toit’s workshop. Tel 012 664 2399.
- Wednesday, 24 June, at 18h00: We will again have our monthly meet at the Botany Laboratory, University of Pretoria.

Vorige maandvergdering

Tydens die vorige vergadering het Professor Braam van Wyk ons togespreek. Voor die vergadering het een van ons lede by my verneem waaroor die praatjie sou gaan, aangesien hy gewonder het hoe die besigheid met houtwerk inskakel. (Die person het toe ongelukkig ook nie die vergadering kon bywoon nie.) Ek het self ook gewonder oor die onderwerp. Ek glo dat ‘n ieder en elk met my sal saamstem dat diegene wat nie bygewoon het nie, ‘n groot geleentheid gemis het. Dit is vir my wonderlik om te sien wat die mensdom steeds aan die uitvind is. Die meeste mense is seker maar tevrede dat dit wat ons daagliks sien seker maar klaar beskryf, begryp en verstaan is. Dit is dus soveel te meer belangrik om dan sulke nuwighede

te kan leer as wat ons nou weer met die plante kon leer. Elke dag iets nuuts!

By ons volgende vergadering sal Prof Erik Holm ons toespreek. Die onderwerp wat hy sal behandel is "Houtkewers". Soos verlede maand se voorlegging, en soos die vorige keer wat Prof Holm met ons gepraat het, glo ek dat ook hierdie vergadering beloof om 'n hoogtepunt te wees.

Advertensie

- ± 6 kub. meter "**chamfuti**" beskikbaar
- Lengtes wissel van 2- tot 2.4 m
- Ongebruik - bestelling nooit gebruik
- **Kontak: Gerhard (012) 329 4110**

The Chairman's piece

Ons vergadering van Mei het ons weer eens bewus gemaak van plante en hout wat "lewe". Dit is sekerlik 'n begrip wat nie almal mooi verstaan nie. Ons sê dankie aan prof. Braam van Wyk wat ons op 'n verstaanbare wyse oor die onderwerp toegespreek het. Ek vermoed dat die Redakteur heelwat meer sal sê oor prof Van Wyk se lesing.

Van ons kant af wens die Bestuur vir At Smit geluk met sy uitstalling by die Pretoria Kunsvereniging se gallery in Nieuw Muckleneuk van 10 tot 28 Mei. Volgens At was dit 'n groot sukses. Daar was ook 'n mooi artikel in die Tshwane Beeld oor "oom" At se uitstalling. Ons is trots op ons lede wat sulke goeie publisiteit kry.

The arrangements for our 20 year anniversary breakfast is going ahead and the provisional particulars are as follows: venue – O'Galito, Woodlands Boulevard in the East of Pretoria, cost – the *subsidised* cost will be about R25 per person, date – a Saturday morning towards the end of September. The Management is investigating one other venue and will provide further information at the June meeting.

At our last meeting about 19 members indicated an interest in visiting the Austro factory. The Management is taking this matter forward. For June we will have Erik Holm as speaker. Definitely a talk not to be missed. July will hopefully see the long awaited talk on battery repacking plus one other speaker. August is our "Aids and Gadgets" evening with a kitchen utensil as focus point. The Management is also investigating the following possible subjects for future talks: dust extraction in the workshop, a compact workshop, fire extinguishers and guidelines for buying machines.

Op die "diplomatieke front" het ons Ondervoorsitter, Willie de Wet, en sy span Pietersburg (Polokwane) besoek met die opening van 'n hardeware sentrum daar en in Julie sal 'n groot afvaardiging van ons draaiers die nasionale draaiers (AWSA) se jaarlikse simposium in Pietermaritzburg bywoon.

Op 'n baie meer ernstige noot – die finalisering van ons ledelys en die uitreiking van ledekaarte het hierdie jaar heeltemal te lank geneem. Ons Sekretaris het met groot frustrasie kennis gegee dat dit nie volgende jaar herhaal gaan word nie. Volgende jaar sal daar 'n afsnydatum bepaal word en daarby gehou word. Lede wat na daardie datum nie hulle lidmaatskap hernu het nie sal eenvoudig van die lys verwyder word.

Anton Louwrens

Voorsitter

Meubelmakers

Die sessie oor skaaf het baie belangstelling getoon soos bewys is deur die getal lede wat dit bygewoon het. Op 'n koue reenerige dag het ons in aangename toestande in Paul se netjiese werksplek bymekaar gekom. Paul het elkeen welkom laat voel en die versnapperinge was uit die boonste rakke – baie dankie Paul.

Die manne het so lekker gesels dat ons later as wat beplan is met die amptelike byeenkoms begin het. Klaas het afgeskop en verduidelik hoe 'n vlakskaaf ingestel word. Uit die baie vrae wat gevra is en wenke wat gegee is, was dit duidelik dat 'n behoefte aangespreek is. Aan die hand van inligting verskaf deur Weinig het Klaas verduidelik wat die verband is tussen die gladheid van die

oppervlakte wat geskaaf is en die voerspoed, omwentelinge en getal lemme. Ander aspekte wat aangeraak is, is die tipes staal wat vir lemme gebruik word, watter laers geskik is, waar toerusting vir die instel van die lemme gekry kan word en hoe ver die lemme moet uitsteek.

Foto 1: Hier sit die manne aandagtig en luister na Klaas

Daarna is oorgegaan na die skerpmaak van lemme. Eerstens het Brian ’n gids en metode vir die slyp lemme vir die vlakskaaf getoon en verduidelik. Dit is opgevolg met ’n demonstrasie van die slyp van ’n bankskaaf se lem.

Foto 2: Brian verduidelik hoe sy apparaat, vir die slyp van skaaflemme, werk. Slaap Udo?

Handskawe is in redelike detail tydens die slypsessie bespreek (onder andere die eienskappe waaraan ’n goeie handskaaf moet voldoen). Brian het kopieë van ’n artikel in Fine Woodworking oor handskawe uitgedeel en ook ’n houtskaaf uit die 18de eeu getoon (dit laat ’n man darem jonk voel). Willie het in detail getoon hoe die skaaf se lem gestel word. Weens die interaksie en lewendige besprekings het die tyd ongesiens verby gegaan. Toe ons ons oë uitvee was dit al reeds 11:00 en moes van die lede ongelukkig gaan.

Foto 3: Willie verduidelik hoe om ,n houtskaaf se lem te verstel

Foto 4: Apparaat om skaaflemme se hoogte mee te stel

In beseringstyd is skaaftegnieke en hulpmiddelle aangespreek. Hierna het Paul ons geneem na ’n tuinwoonstel waarvan hy self die kombuis en houtwerk gedoen het. Dit was baie interessant en ook duidelik hoe voordelig dit is om houtwerk te kan doen.

Die meubelmakers beplan om ’n fabriek in Junie te besoek, sodra bevestiging ontvang word, sal die reelings gekomunikeer word.

Danie Venter

Draaiershoekie

DRAAIERSBYEENKOMS 20 MEI 2009

Dit was vir die 16-tal draaiers wat die byeenkoms by Ben Espach se werksplek bygewoon het 'n besondere geleentheid. Vir die meeste van ons was dit die eerste besoek aan Ben se plek, wat dit dan soveel interessanter gemaak het want jy kry geleentheid om in 'n ander draaier se "koninkryk" rond te kyk en rond te vroetel. Baie dankie aan Ben vir die gebruik van sy plek en aan vroutjie vir die eet- en drinkgoed. Ben het 'n knus vergaderplek vir ons ingeruim.

Daar was 'n mooi klompie draaistukke wat heelwat besprekings, vrae en wenke ontlok het. Frans se "Ogee-bakke", Piet se pepermeul met interessante houtpatrone en Nico se reuse stamper en vysel het die meeste aandag gekry, om van Andrew se puik Dremel-versierwerk nie eers te praat nie. Met die meeste "groot kanonne" van ons klub afwesig daardie aand, het ons ander die geleentheid gebruik om ons sê te sê en ons menings te lig sonder vrees vir teenspraak of 'n skewe kyk. Met "groot kanonne" bedoel ek dit natuurlik letterlik sowel as figuurlik. Besluit maar self waar jy inpas as jy nie by die vergadering was nie. Weens die afwesigheid van Willie de Wet (een van die kanonne) moes ek voor staan en die vergadering lei.

Dalk was die vooraf administrasie 'n bietjie lank, maar daar was belangrike kwessies om oor te rapporteer en te bespreek. Een daarvan was die komende AWSA-kongres in Pietermaritzburg. Tot sover gaan DV 11 van ons draaiers dit bywoon en ses van die manne hulle gades saamneem vir die damesprogram. Ons draaiers moet ook kennis neem dat die besoekende draaier uit Engeland, Nick Agar, soos vorige jare die gebruik was, ná die kongres deur die land sal toer om soveel moontlik klubs te besoek. Ons het vroeg reeds aangedui dat ons hom ook hier in Pretoria wil ontvang. Volgens Nick Agar se voorlopige toerprogram sal hy op Vrydag 17 Julie vanaf Johannesburg hier arriveer, Saterdag 18 Julie by ons deurbring asook 'n deel van Sondag 19 Julie, voor hy daardie middag by die lughawe besorg moet word vir sy terugvlug na Engeland. Daar word ook 'n klubdemo vir ons beplan, maar nader aan daardie datums sal ons meer inligting beskikbaar hê vir al die fyner reëlings.

Nog 'n saak rondom Nick Agar se besoek is die geleentheid vir bywoning van 'n meesterklas wat deur Nick aangebied sal word indien daar voldoende belangstelling uit ons geledere kom. Daar het reeds 'n paar draaiers aangedui dat hulle in so 'n klas sou belangstel. Dit sal 'n hele dag duur en R750 per persoon kos. Ongelukkig kon ek nog nie uitvind presies wat Nick in sy meesterklas gaan aanbied nie. Indien daar nog lede is wat in hierdie klas sou belangstel, skakel asb met my. Die geskikste datum vir so 'n aanbieding hier by ons is dan seker Saterdag 18 Julie.

Langs hierdie weg sê ons ook baie dankie aan Anton Louwrens en Daleen wat hulle woonstel aan Nick Agar beskikbaar gestel het om hom vir die twee nagte in Pretoria te akkommodeer. Ons waardeer dit baie en weet dis vir julle lekker, maar ons besef dis tog ook moeite.

Ná ons huiswerk-besprekings het Ben weer vir ons sy slypapparaat gewys en gedemonstreer hoe hy meslemme en draaibytels daarmee slyp. Ek het dit baie geniet want ek het Ben se vorige (amptelike?) demo misgeloop. Dankie Ben.

Volgende daaiersvergadering is gereël vir Saterdag 20 Junie 2009 by Dries du Toit se werksplek. Sy huisadres is Livingstoneweg 80, Lyttelton Manor en sy telefoonnommers is 012-664-2399 of 082-883-7624. Huiswerk vir volgende maand is óf 'n portretraam, óf 'n gelamineerde stuk óf iets volgens jou eie keuse.

Next month the turners will meet on 20 June 2009 in the workshop of Dries du Toit. His address is 80 Livingstone Road, Lyttelton Manor and his telephone numbers are 012-664-2399 and 082-883-7624. Homework for next month is a picture frame, or a laminated piece, or your own choice.

'n Paar advertensies wat by my aangeland het is die volgende:

Eddie Pratt het 'n groot en swaar bak-draaibank te koop. Prys: tussen R25,000 en R30,000. Skakel my indien jy sou belangstel.

At Smit het kontak met iemand van Marikana wat Oregon kerkbanke verkoop. Skakel met At vir al die ander besonderhede.

Dries du Toit se buurman gaan 'n groot plataanboom afsaag. Skakel met Dries as jy in stukke van die hout belangstel.

Laastens wens ons vir David Malan (nog een van ons groot kanonne) 'n spoedige en volkome herstel toe na sy knie-vervangingsoperasie. Mag jy letterlik en figuurlik weer gou op die been wees.

Lou Coetzer

Name

Die ontstaan van plantname bly vir my baie interessant. Veral populêre (volks-/streeks-/algemene) name se oorsprong kan fassinerend wees. Dit regverdig ook 'n baie langer relaas as wat ek nou hier wil voer. 'n Mens word ook by verskillende geleenthede aan interessante en soms baie unieke populêre name herinner. Later dalk meer hieroor.

Onlangs het ons vereniging 'n advertensie gekry oor kerkbanke wat te koop is. Die banke is van "Oregon Pine". Selfs ver buite die kader van 'n houtwerkvereniging of die ambag van meubelsmaak, ken en gebruik mense hierdie naam vir hierdie houtsoort. Toe wonder ek vir die soveelste keer waar hierdie naam vandaan kom. Laat ek vertel wat ek alles uitgevind het.

Hierdie houtsoort is afkomstig van die boomsoort *Pseudotsuga menziesii*, ook beter bekend as Douglas Fir. In Afrikaans staan die Firs kollektief as Edeldennebome bekend en sluit ook nog soorte van die genus *Abies* in. Hulle behoort almal tot die groep Gimnospermae (naaksadiges/keëldraendes) teenoor ons ander bome wat aan die Angiospermae (blomplante/bedeksadiges) behoort.

Nou waar kom die "Oregon" dan vandaan? Douglas Fir kom baie volop en natuurlik in die Pasifiese Noordweste van die Verenigde State van Amerika voor vanwaar dit as 'n belangrike kommersiële houtsoort geproduseer en bemark word. Die staat Oregon, waarin die meeste van hierdie Edeldenne voorkom, het dit as hul "nasionale boom" gekies en dit verskyn groot in hul staatsembleem. Wêreldwyd het die hout toe as "Oregon Pine" bekend geraak omdat dit uit Oregon afkomstig is en het dit as 'n populêre handelsnaam bly vassteek.

Douglas Fir is gedurende die vroeë 1800 in Nieu Zeeland aangeplant en vorm steeds 'n baie groot komponent van hul bosbou- en houtbedryf. Hoe vreemd ook al, is hierdie Edelden egter nooit in Suid-Afrika aangeplant nie en selfs in 'n publikasie soos die Nasionale Lys van Ingevoerde Bome (National List of Introduced Trees) wat deur die Dendrologiese Stigting in Suid-Afrika uitgegee is, kom die naam "Oregon Pine" nie eers voor nie.

Lou Coetzer

(After reading the above, I had a discussion with Monty von Elling, and he came up with a Book from which I would like to quote the following, that fit in well with Lou's research)

Douglas Fir

(Oregon pine, Columbian pine)

Though popularly known as Oregon pine, this wood belongs to the fir genus. Contrary to popular belief it is not indigenous to South Africa and has never grown here, though a great deal of local furniture is made from it. Douglas fir occurs natuarally in British Columbia and along the Pacific coast of North America, where it grows in immense forests and has long been the major structural timber. It was introduced and is grown as plantations in many similar temparate climates, including Britain. It is also the world's most important source of plywood, mainly for building purposes.

The tree is is one of the largest conifers, rising commonly to sixty metres in height and on occasion to a majestic ninety metres. The bole can reach two metres or more in diameter. Its timber is a pale brown to medium brown, and has a conspicuous growth-ring figure. Typically straight- and fairly close-grained, it often has a pinkish tinge that helps to distinguish it from similar pine.

Much of the Oregan pine brought to South Africa came as ballast in the ships that sailed to the Cape. It was used extensively as a structural timber in Victorian and Edwardian houses in South Africa, and for domestic joinery. Demolition and modernization of old buildings has made a great deal of timber available to the restorer and the maker of reproduction furniture.

(Cottage Furniture in South Africa: John Kench)

(Ek vertrou dat almal nou genoeg van Oregon pine, ***Douglas fir***, sal weet. –Red)

Advertensie

John Snyman noem die volgende"

"Ek het besluit om van 'n deel van my opgebergde hout te verkoop. Is nog besig met die sorteer daarvan . Nou beskikbaar is 'n paar groot Mingerhout (Matumi) planke en redelik baie Rooshout . Pryse om-en-by R8500 tot R9000 per m3.

Telefoon: 012 991 5600 of 082 465 8770"

Redaksioneel

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Posbus 50606, Wierdapark

E-pos: louwmarie@icon.co.za

Telefoon: 012 653 1874